

Donderdag 1 Julie

Skrifgedeelte: Obadja:1-9a

Fokusgedeelte: Obadja:4

Wraak kom die mens nie toe nie

Ons begin vandag lees uit die boek Obadja. 'n Baie kort boekie, en een wat nogal sterk praat oor oordeel! Wraak en vernietiging. As mens die boek nie reg verstaan nie, kan dit na twee kante toe “afgeskryf” word – enersyds asof dit 'n regverdiging gee vir wraak neem op jou vyande en andersyds kan mens sê: Nee wat, dit is uit lyn met die Nuwe Testament, so kom ons lees dit nie!

Mens moet wel iets van die agtergrond van die boek weet om dit reg te verstaan. Dit is geskryf kort nadat Juda in ballingskap geneem is (587 vC). Ons hoor dikwels van die ballingskap, en mens raak maklik “doof” vir die waarheid agter die woord! Dit praat van maandelange beleëring van die stad, waternood, hongersnood, pes, dood en vrees. Tot die dag wat die vyand die stad inneem. Vroue en kinders, en dikwels mans ook, word verkrag en/of doodgemaak. Daarna word hulle aangejaag om te voet te begin stap na hulle bestemming. Vrouens dra babas aan die bors, sy het naderhand nie meer melk nie, die baba dehidreer, en sterf. Kindertjies smee vir water, ou manne en vroue struikel en bly lê. Hulle kan nie eers die dooies behoorlik begrawe nie. Die roofdiere sirkel heelyd rondom hierdie ellendige klomp mense. Hulle roep na God (kyk o.a. die boek Klaagliedere), maar Hy kom hulle nie tot hulp nie!

Die Judeërs het altyd gewag op die “dag van die Here”, waarop hulle gereken het God hulle vyande sal vernietig. Verskeie profete waarsku egter dat die dag van die Here óók die Judeërs gaan tref (Jes. 13:6, 9; Amos 5:18) oor hulle onbekeerlikheid en minagting van die Here! Dié dag het gekom in 587 vC.

Obadja het 'n boodskap vir hierdie verslaande Godsvolk! God is regverdig, Hy sal die wreedaards straf! Hy sal sy volk herstel (vs 18, 21). Maar, dit is die Here wat sal optree (vs 4), die wraak kom die mens nie toe nie – soos Romeine 12:14 en 17 in die Nuwe Testament ook leer! Ons leef in 'n tyd waar baie mense in ons eie land ook onreg beleef en om wraak roep! Laat ons by Obadja leer dat God geregtigheid beloof oor hulle wat Hom minag, maar die wraak kom God toe, nie ons nie (Deut. 32:35; Rom. 15:19).

Daarom soek ons die Here se aangesig, terwyl ons voortdurend die hand in eie boesem steek – soos die Judeërs veronderstel was om te doen. Ons (dissipels van Jesus) leef in ware geregtigheid en heiligheid voor die Here, en laat die wraak aan Hom oor.

Psalm 38–1:1, 17

Dr. AJ Krüger (Braam) (Benoni)